TE WEET

22 Mrt. 2026

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE NELSPRUIT

www.hervormdekerknelspruit.co.za F/B: Nelspruit Hervormde gemeente

Die pad van oorgawe

Paasfees is 'n uitnodiging om saam stil te staan by die kruisiging van Jesus en te onthou wat Hy vir ons gedoen het. Dit is ook 'n tyd van hoop. 'n Tyd waar ons saam met ander gelowiges die nuwe lewe vier wat ons in Christus ontvang.

Van Palmsondag tot Opstanding-Sondag stap ons saam deur die hart van die evangelie: die lyding van Christus, die stilte van die graf, en die vreugde van die opstanding.

Gedurende hierdie week volg ons 'n daaglikse ritme van gebed in die oggend, middag en aand, met Skrif, refleksie en ruimte om te luister na wat God in ons wil vorm.

EREDIENS: ds Natasha Loftus

Tema: Die pad van oorgee

Groet, verwelkoming en aankondigings

Lied Flam 12 Meer as ooit

Luister x1

Sing x 2

Votum en seëngroet

Gebed

Vonkk 11 - Heer wees ons genadig

Lied 266 Ons Vader wat woon in die hemel

Skrifgedeelte: Psalm 31

Preek

Liedere

Lied 309:1+2 My lewe bly aan U gewy

Lied 508:1+2 Vaste Rots op wie ek bou

Seën

Amen

LIEF EN LEED

Vandag dink ons aan:

💜 Marianna van Wyk. Haar suster is verlede week oorlede.

💜 Alleida van Wyk wat haar tweede oogoperasie ondergaan het Maandag.

💜 Almal wat siek is, olik voel, eensaam, ontsteld of hartseer is, wat die afgelope week gehospitaliseer is.

Sterkte, vertroosting of spoedige beterskap bid ons julle toe.

💜 Muntingh Venter en sy spanmaat wat aan die "Cape Epic" bergfietsren deelgeneem het. Ons vertrou julle het dit baie geniet.

Aan ons nuwe lidmate:
Ons sal u graag by die NHK i Toon-bank agter in die kerk na die erediens wil ontmoet. Kom drink gerus daarna 'n koppie tee saam met ons in ons Koffie-kuier-en-kletskamer.

Aan ons nuwe 18 – 25 jarige lidmate:
Ds. Natasha nooi julle om almal na die erediens saam met haar koffie te drink.

AKTIWITEITE IN DIE GEMEENTE

22 08:00 Koffiekuier
08:30 Vyfde Lydensondag Erediens en Kleuterkerk
09:30 Teedrink
23 09:15 Dagbestuur vergader
24 15:00 – 20:00 Barbara O'Neill
15:00 Bybelstudie - Kapel
25 09:15 Herfsakker Bybelstudie
18:00 UKR vergadering
26 10:00 Rubicon Bybelstudie
27 Skole sluit
29 08:00 Koffiekuier
08:30 Erediens Palmsondag en Kleuterkerk
09:30 Teedrink

GASHERE BY TEESKINK:
22/03 Jacques, Chantel en Donovan Beukes
29/03 Mike, Mariette van Zweel
05/04 Philip en Lolla Martiz
Dankie vir julle gasvryheid!

BAIE DANKIE
Baie dankie aan Dirk vir die kruis wat hy vir ons gemaak en opgesit het.
Ook aan elke ander persoon wat agter die skerms hulp verleen.
Ons waardeer elkeen van julle!

VOLTOOI ASB DIE VORM
Baie dankie vir almal wat reeds voltooi het.
Indien u nog nie vorms voor in die bank se sakkie voltooi het nie vra ons dat u asb vandag een sal voltooi en saam met die potlood terug sit in die bank se sakkie. Baie dankie.

03/22	Elrin	Faurie
03/23	Colette	Van Rooyen
03/24	Ducky	Van Rooyen
03/24	Marthie	Niemand
03/25	Daniël	Manley
03/25	Hanro	Viviers
03/25	Cuyler	Pieters
03/25	Kobus	Janse Van Rensburg
03/25	***Elise***	***Lubbe***
03/26	Craig	De Beer
03/26	***Frieda***	***Van Schoor***
03/27	Marita	Kotze
03/27	***Pieter***	***Beukes***
03/27	***Mareina***	***Oosthuizen***
03/27	***Rina***	***Rootman***
03/29	Anlie	Venter
03/29	Niki	Viljoen
03/29	Charmaine	Venter
03/29	Willie	Le Roux
03/29	***Callie***	***Schoeman 70jr +***

BELANGRIKE INLIGTING VIR DIE GROOT LYDENSWEEK:
29/03 Palmsondag erediens om 8:30
02/04 Wit Do. Nagmaal om **18:30**
03/04 Goeie Vrydag geen erediens
05/04 Opstandingsondag om 6:00

SKOOLVAKANSIE
Geniet die rustydjie. Almal wat so gelukkig is om weg te breek, geniet dit en kom veilig terug!

HUISBESOEK
Ons herinner u net daaraan dat indien u behoefte aan huisbesoek

het, dat u met 'n predikant of die Kerkkantoor sal skakel.
'n Afspraak sal met u gemaak word.

HUISHULP BESKIKBAAR
Kontak Tilana indien u 'n baie betroubare huishulp benodig.

HULP BENODIG: PANEELKLOPPER
Ons is op soek na iemand wat privaat paneelklopwerk doen. Indien jy kan help, laat weet asseblief vir Willie by 082 45 11811. Hulle sal die nodige parte voorsien en die werker vergoed volgens 'n onderling ooreengekome prys.
Baie dankie vir jou hulp!

GEBED VIR DIE WEEK
Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word.
10Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde.
11Gee ons vandag ons daaglikse brood.
12En vergeef ons ons skulde,
soos ook ons hulle vergeef
wat teenoor ons skuldig staan.
13En bring ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.
Matteus 6: 9-13 (AFR2020)



Hykie Berg



DIE HEILIGE RITME VAN DIE KLEIN GEMEENTE:
waarom klein die nuwe krag is
In 'n wêreld wat dikwels sukses aan grootte en spoed meet, word klein gemeentes maklik oor die hoof gesien. Tog toon statistieke dat die meerderheid van die NHKA-gemeentes (sowat 62%) minder as 200 lidmate het. Hierdie klein geloofsgemeenskappe is nie foute van die sisteem nie – hulle is die sosiale gom wat die hartklop van woonbuurte, dorpe en stede vorm.

Die krag van hoë-aanraking.
Waar megagemeentes dikwels soos produksies voel, bied die klein gemeente 'n hoë aanraking in die gemeenskap. Dit beteken dat mense mekaar by die naam ken en dadelik opmerk wanneer iemand afwesig is. Dit gaan oor die deel van etes, laste en vieringe op 'n manier wat groter modelle nie maklik kan dupliseer nie. Hierdie diep persoonlike verhoudings is 'n teologiese

belydenis dat elke mens deur God geken en geliefd is.

Van produksie na teenwoordigheid

In die moderne sekulêre era voel gemeentes dikwels die druk om vinnig te beweeg om relevant te bly. Klein gemeentes bied egter 'n noodsaaklike rusplek. In plaas daarvan om 'n produksie te wees wat moet presteer, bied die klein gemeente vryheid met kalmte en stilte. Dit is soos die verskil tussen 'n vinnige wegneemete en 'n maaltyd wat ure lank om 'n kombuistafel geniet word. Die fokus skuif van hoe baie ons doen na *hoe teenwoordig ons vir God en mekaar is.*

Nie 'n museum nie, maar 'n venster

Daar is 'n gevaar dat klein gemeentes slegs kan bestaan om 'n taal of kultuur te bewaar, wat hulle in museums verander. Die Goddelike roeping is egter om 'n venster na die ewige lewe te wees. Wanneer die kerkklok lui, is dit nie net tradisie nie, maar 'n verklaring dat God midde-in die alledaagse lewe teenwoordig is en praat. Die waarde lê nie in die gemeente se programme nie, maar in die feit dat die gemeenskap saam voor God staan, selfs wanneer hulle min is.

Die kuns van plek-deling

In 'n klein gemeente word lidmate gedwing tot plek-deling (place-sharing). Dit is die spontane oomblik waar 'n ouma 'n hand op die skouer van 'n moedelose jong ouer sit. Of 'n kleuter wat 'n ou tannie wat moeilik loop, se hand vashou vir ondersteuning. Dit is nie 'n formele program nie – dit is Christus wat deur een persoon 'n ander ontmoet.

Moenie in paniek verval nie

Wanneer getalle krimp, verval gemeentes dikwels in paniek. Die evangelie leer ons egter van die krag van die klein saadjie en die nederigheid van Christus aan die kruis. 'n Gemeente hoef nie in sy eie ambisies van grootheid te probeer oorleef nie, maar moet soms sterf aan daardie ambisies om weer te ontdek wat dit beteken om op God te wag. Die belangrikste werk van die klein gemeente is om die wêreld te herinner hoe om te wag.

In die koninkryk van God is daar geen marginale plekke nie – elke klein gemeente is 'n heilige ruimte waar die ewigheid die tyd ontmoet.

Dr Johan Bester
(Randfontein Midpark/SGB)
Lees die hele Blitspos hier:
https://nhka.org/wp-content/uploads/2026/03/Blitspos-2026_03_19.pdf

Geseënde Sondag.